

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Oor geluk, geseëndheid en ellende.
Hoe radikaal was liewe Jesus?

Skriflesing: Lukas 6:20-31

Broodjies vir die pad

“Compassion is the radicalism of our time.”

— Dalai Lama XIV

“Above all, Leonardo’s relentless curiosity and experimentation should remind us of the importance of instilling, in both ourselves and our children, not just received knowledge but a willingness to question it—to be imaginative and, like talented misfits and rebels in any era, to think different.”

— Walter Isaacson, Leonardo da Vinci

“The truth may be puzzling. It may take some work to grapple with. It may be counterintuitive. It may contradict deeply held prejudices. It may not be consonant with what we desperately want to be true. But our preferences do not determine what’s true.”

— Carl Sagan

“For Equilibrium, a Blessing:

Like the joy of the sea coming home to shore,
May the relief of laughter rinse through your soul.

As the wind loves to call things to dance,
May your gravity be lightened by grace.

Like the dignity of moonlight restoring the earth,
May your thoughts incline with reverence and respect.

As water takes whatever shape it is in,
So free may you be about who you become.

As silence smiles on the other side of what’s said,
May your sense of irony bring perspective.

As time remains free of all that it frames,
May your mind stay clear of all its names.

May your prayer of listening deepen enough
to hear in the depths the laughter of god.”

— John O’Donohue, *To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings*

“Bless you prison, bless you for being in my life. For there, lying upon the rotting prison straw, I came to realize that the object of life is not prosperity as we are made to believe, but the maturity of the human soul.”

— Aleksandr I. Solzhenitsyn, *The Gulag Archipelago 1918–1956*

“Stop asking God to bless what you’re doing. Find out what God’s doing. It’s already blessed.”

— Bono

’n anne tipe kind

Ek issie gemaak vi gewone skoolie.

Die anne kinnes is goed met maths

en hulle kan vinnig lees

But ekke?

Die syfers swem voo my ennie letters dryf

But ek tieken nogals kwai

Maa dissie wat Miesta soekie,

cause alles is mossie

creative arts’ie.

Ek haloep oek nogals vinnag en

ek ka hoeg spring but

sport betieken mos niks sonne die punte nie

Ek issie gemaak vi dié skoolie,

Maa maybe is daa ’n anne plek waa ek oek ka shine vang en awards kry

Ek wiet Mammie en Derra wil

oek proud voel

ek wiet oek ek probee my beste

maa niemand wil vestaanie

Assie goed nie budge hie bo nie

gaanit mossie saak maak as ekkit

Oo en oo leerie

Ek wiet Mammie en Derra wil oek proud voel

But ek kannie meerie

Ek kannie hierie

Dié skool issie vi my nie.

Caylie Nutt

“True happiness is to enjoy the present, without anxious dependence upon the future, not to amuse ourselves with either hopes or fears but to rest satisfied with what we have, which is sufficient, for he that is so wants nothing. The greatest blessings of mankind are within us and within our reach. A wise man is content with his lot, whatever it may be, without wishing for what he has not.”

— Seneca

“What hurts you, blesses you. Darkness is your candle.”

— Rumi

“Youth is happy because it has the capacity to see beauty. Anyone who keeps the ability to see beauty never grows old.”

— Franz Kafka

“We are settling for a Christianity that revolves around catering to ourselves when the central message of Christianity is actually about abandoning ourselves.”

— David Platt, *Radical: Taking Back Your Faith from the American Dream*

“I simply state that I'm a product of a versatile mind in a restless generation-with every reason to throw my mind and pen in with the radicals. Even if, deep in my heart, I thought we were all blind atoms in a world as limited as a stroke of a pendulum, I and my sort would struggle against tradition; try, at least, to displace old cants with new ones. I've thought I was right about life at various times, but faith is difficult. One thing I know. If living isn't seeking for the grail it may be a damned amusing game.”

— F. Scott Fitzgerald, *This Side of Paradise*

“In addition to his instinct for discerning patterns across disciplines, Leonardo honed two other traits that aided his scientific pursuits: an omnivorous curiosity, which bordered on the fanatical, and an acute power of observation, which was eerily intense. Like much with Leonardo, these were interconnected. Any person who puts “Describe the tongue of the woodpecker” on his to-do list is overendowed with the combination of curiosity and acuity. His curiosity, like that of Einstein, often was about phenomena that most people over the age of ten no longer puzzle about: Why is the sky blue? How are clouds formed? Why can our eyes see only in a straight line? What is yawning? Einstein said he marveled about questions others found mundane because he was slow in learning to talk as a child. For Leonardo, this talent may have been connected to growing up with a love of nature while not being overly schooled in received wisdom.”

— Walter Isaacson, *Leonardo Da Vinci*

Ware liefde is 'n ineenrank van 'ek' en 'jy'

Wilhelm Jordaan

Elke jaar dié tyd sien jy hulle vol verwagting voor die rakke staan: Watter kaartjie, watter woorde sal tog sê wat in die hart se kamers lê? Sodat die geliefde sal wéét: Ek begeer jou; jy's myne!

Ja-nee, die markplein en Valentyn loop weer hand aan hand! En elkeen wat in die lyf en die gees daartoe beweeg word, versamel sy/haar eiesoortige bondeltjie brandhout vir die liefdesvuur.

Wat só weerklink in 'n ou Persiese vers oor die uniekheid van die hart se spraak: “Elke liefde maak 'n eie klank / 'n mistieke akkoord / klinkend bó die verstand / se soort soek soort.”

Neurowetenskaplikes probeer dié mistiek blootlê en beskryf die biochemie van stowwe wat passie, aantrekkingskrag en kameraadskaplike toewyding in stand hou en vernuwe. Goed soos dopamien, oksitosien, serotonien en adrenalinien.

Maar dis 'n groot miskien! Want dié wat liefhet en liefgehê word, weet mos wetenskap is net 'n klein, dowwe venster op die liefde. Daarom skryf die neurochemikus en digter Lucille Day oor die “vreemde osmose” en die “uitruiling van voedingstowwe” tussen geliefdes: “. . . flowing inward, they move / toward each other / and when they finally meet, / melting together, cell by cell, / there is no explanation: / I can almost hear them / yammering in strange tongues.”

Juis die mistiek van die liefde moet ons versigtig maak vir markpleinpraatjies wat jou in Valentynstyd wil wysmaak wat die liefde “is” – met drifgedrewe passie as die eintlike toets vir die “ware liefde”. En wat jy moet doen en nie moet doen nie om passie te behou en te vernuwe.

Want hulle wat die mistiek van liefhê snap, weet dit is soos 'n kristal wat met elke klein beweging nuwe patrone van lig en kleur deurlaat en wat jou stom verwonder laat. Hulle begryp die liefde is, deur en verby passie, 'n verlange na heelheid wat die “ek” hiér en die “jy” dáár saamsnoer. Sulke heelheid is die nagloed van emosionele intimiteit in 'n verhouding – dat liefdesmaats nie net mekaar in fisieke nabyheid aanraak nie, maar mekaar ook in emosionele nabyheid vind.

Hulle vertrou hul lewe aan mekaar toe in 'n veilige ruimte van wedersydse ontdekking en bevestig só dat hulle vir mekaar bedoel is; dat hulle vrywillig aan mekaar verbind geraak het en dit vrywillig in stand hou in die liefde se bruisende, omdolwende versnellings én in die stiller strome.

Daarmee raak 'n liefdespaar ineengerank soos liggaam en gees; word “ons saamhoort 'n groeiende wonder” – soos T.T. Cloete in die gedig “Anna” skryf: “. . . kyk ek sonder jou, is daar skille / oor my diep oogkassie, ek / kyk sonder pupille. / Ek soek jou omtrek om my getrek, / ek soek jou in die appel van my oog. / Kyk ek na die melkweg, in die gras, / in die water, na die boog / van die aarde, altyd iewers is jy ingepas.”

Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/ware-liefde-is-n-ineenrank-van-ek-en-jy-20220208>

Brood vir die pad

Uitgewer Danie van Niekerk: Noorderlig en Renaissance-mens

Laetitia Pople

Die prins van uitgewers, die laaste van die “gentleman publishers”. Só huldig kollegas die ontslape ouduitgewer Danie van Niekerk wat van die groot boeke in die Afrikaanse letterkundeskate uitgegee het. Laetitia Pople het hulle oor sy nalatenskap gepols.

Dit is die boek *Die swerfjare van Poppie Nongena* van Elsa Joubert waarvoor hy as uitgewer onthou sal wil word, het die ontslape uitgewer Danie van Niekerk eenkeer opgemerk.

“Ek dink dit, meer as enige ander Afrikaanse boek, het bygedra om Afrikaners weg te draai van apartheid af,” skryf hy in sy outobiografie wat hy vir die gesin geskryf het. Hy het later bygevoeg hy sal ook onthou wil word vir Jaap Steyn se *Tuiste in eie taal* en Sheila Cussons se *Swart kombuis*.

Onder die ander boeke in die Afrikaanse letterkundeskate wat deur Van Niekerk uitgegee is, tel onder meer *Griet skryf 'n sprokie* van Marita van der Vyver, Dalene Matthee se bostrilogie, wat begin het by *Kringe in 'n bos*, Anna M. Louw se *Kroniek van Perdepoort*, Koos Prinsloo se *Jonkmanskas*,

Toorberg van Etienne van Heerden en digkuns soos D.J. Opperman (*Groot verseboek*) en T.T. Cloete se *Angelliera*.

Van Niekerk is Sondagaand in die Oasis-aftreeoord in Century City naby Kaapstad dood. Hy was 93.

Die digter Joan Hambidge onthou hom as 'n uitgewer van formaat en 'n ware heer met wie sy menige ete en 'n glas whiskey kon geniet, terwyl hulle oor veel meer as boeke gesels het.

Hul vriendskap het in 1987 begin toe sy nog 'n jong digter was. Hy het haar behandel asof sy 'n groot digter was en haar na die spog-restaurant Rozenhof vir 'n ete geneem.

“Vele gesprekke had ons oor reis, lees, letterkundige krisisse en modes. Hy het Cussons uitgegee en haar eenmalige posisie verstaan; net soos wat hy Van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* se uitgewer was.”

In 'n onderhoud met Murray La Vita met Van Niekerk se 80ste verjaardag sê hy dat hy daarop aangedring het dat *Griet* uitgegee word. Van der Vyver was toe as jeugskrywer bekend, dit was haar eerste “volwasse” roman. Die boek het lank op iemand anders se tafel gelê, waarna hy dit gelees het: “Ek het net gesê: Gee uit. Publiseer. Publish and be damned.”

Hy het in haar geglo voordat enigiemand anders in haar geglo het, laat weet Van der Vyver per e-pos uit Amerika, waar sy tans reis. “Selfs voordat ek in myself kon glo, het hy in my geglo – en dit was een van die grootste geskenke wat enige jong skrywer kon kry.” Sy het hom laas voordat Covid-19 alles stopgesit het, op een van haar boekbekendstellings raakgeloop. “Hy het steeds intens belanggestel in sy skrywers, lank ná sy aftrede.”

Hambidge vervolg: “Danie van Niekerk kon altyd 'n besondere perspektief gee. Op 'n dag vertel hy my dat hy graag 'n jongeling aangestel het wat Latyn ken. En dit was Danie: 'n taalkenner. 'n Vraagteken in die kantlyn (van jou manuskrip) kon jou weer op die regte spoor kry. Manuskripte het hy saam met sy uitsonderlike deelgenote gelees: Frederik de Jager, Petra Müller en Charles Fryer.”

Toe die Van Niekerks uit hul huis in Kaapstad trek, skenk hy sy uitgebreide plateversameling aan haar. “Oor musiek was hy eweneens ingelig. Daniel Barenboim, Maria Callas en Beethoven.”

Sy was vriende met Van Niekerk, hoewel sy eintlik sy “kompetisie” was by HAUM Literêr, onthou die ouduitgewer Hettie Scholtz. By hom het dit oor die groter prentjie in uitgewery gegaan. Sy het deur al die jare sy kollegialiteit waardeer.

“Al het ek nooit die voorreg gehad om met hom saam te werk onder een dak in 'n uitgewery nie, was hy vir my iets van 'n noorderlig, 'n ware heer wat sedert die vroeë 1980's altyd bereid was om 'n minder ervare persoon van ewewigtige raad te bedien wanneer dit om belangriker sake as onderlinge mededinging gegaan het. En altyd met gracie en begrip. So sou hy boodskappe van geluk stuur met die publikasie van boeke wat hy geniet of waardeer het, al is dit nie by Tafelberg gepubliseer nie. En sou hy jou sonder uitsondering opsoek op geleenthede om te hoor waarna hulle kan ‘uitsien’ in 'n betrokke jaar.”

Frederik de Jager, wat deur Van Niekerk by Tafelberg aangestel is, sê hy was “meneer” vir hulle almal, selfs toe hy later sy eredoktorsgraad behaal het. Hy was ook een van die min mense van wie jy kon sê hy was gedistingeerd.

“Ná sy aftrede (in 1992) het hy egter daarop aangedring dat ek hom op sy voornaam noem. Hy was van daardie geslag vir wie vorm nog betekenis gehad het. Hy was allermins 'n outyde

mens – daarvoor was hy te nuuskierig oor die wêreld – maar hy was die beliggaming van ouwêreldse waardes: goeie maniere, gracie, die ruimgeestigheid van 'n Renaissance-mens.

“Mooi Danie. Slim Danie. Ons was so trots op hom, groots daarop om by die plek te werk waar hy soos 'n prins in die geleedere van ons skrywers beweeg het. Sy glans het op ons gekaats.

“Nie net sy glans nie. Ook sy standarde. Hy kon kwaai wees. Hy sou 'n boek waarvoor jy redaksionele verantwoordelikheid dra, met uitgeskeurde blaaie en dik rooi merke op jou lessenaar neersit. Gaan jy verskrik deur al die merke en klop bewerig aan sy kantoordeur met jou bewysplase, laat hy jou goedig begaan. Later, sou jy byvoorbeeld verjaar, kom hy by jou aan met 'n kassetbandjie van Beethoven se kwartette wat hy by die huis vir jou gaan opneem het. Jy wou jou verknies as jy hom dalk teleurgestel het.”

Daar word maklik van mense gesê hulle is die laaste van die “gentleman publishers”. Van Niekerk wás dit, meen De Jager. “Hy was opgewonde wanneer die nuwe manuskrip van 'n Anna M. Louw of 'n Etienne van Heerden of 'n Elsa Joubert aanland. Hy het die skrywer met haar entourage en redakteur in sy groot kantoor met die houtpaneel ontvang, die vonkelwyn uitgehaal of 'n ete aangelê, en die teks oor die naweek eerste gaan lees. Sy mening was ingelig en tersake.”

Elmari Rautenbach het haar pa op Facebook gehuldig: Die “liewe, sagte, teruggetrokke, serebrale, intens liefdevolle pa met die lekker binnelag – veral vir sy kleinkinders se doen en late, die Renaissance-man wat my 'n liefde gegee het vir boeke, lees, wyn, kuns, fotografie, geskiedenis, die see, fliek (veral 007), reis – en ja, honde, die gentleman-uitgewer van Tafelberg is gisteraand oorlede”.

“Ons gaan hom baie, baie mis,” skryf sy.

Hy is op Rustenburg gebore, waar sy pa 'n landdros was. Hulle het baie rondgetrek en later het hy aan die Hoërskool Port Natal gematrikuleer, waar hy die topposisie in Afrikaans bekleed het. Hy het van teologie oorgeskakel na tale (Latyn, Duits, Grieks, Frans en filosofie onder die junior lektor Johan Degenaar aan die Universiteit Stellenbosch).

“As kind het ek langs my pa in die Grote Kerk gesit, dan het hy die Bybel in Grieks gevolg. Hy was versot op tale en het ná sy aftrede Spaans by die UK se aandskool gevolg en hy het my met my Franse huiswerk gehelp,” het Rautenbach gesê.

Hy was onder meer redaksielid van Die Burger in die 1950's, in die diplomatieke diens in New York, hoof van die Rembrandt- en Peter Stuyvesant-kunststiging en hoofsekretaris by die Akademie vir Wetenskap en Kuns. “Toe hy in 1974 by Tafelberg Uitgewers instap op die hoek van Waal- en Burgstraat, het hy gesê dat hy ‘tuisgekome’ het,” het Rautenbach vervolg.

Hy en Anneke, sy huweliksmaat van 65 jaar, het mekaar by Die Burger ontmoet, waar sy kunsredakteur was. Hulle is in 1957 getroud.

Hy word oorleef deur Anneke, Rautenbach (sameroeper van die Toyota US Woordfees se boekeprogram), sy seuns, Pieter en Jan, skoonseun, Frans Rautenbach, skoondogters, Kate Sherwood en Isobel Dixon, asook drie kleinkinders, Anneke, Stefan en Daniel Rautenbach.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/danie-van-niekerk-uitgewer-van-formaat-n-noorderlig-en-renaissance-mens-20220207>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877